Professionele Lisensiaat Sertifikaat in Drama: ADK

Die Akademie vir Dramakuns bied ‘n driejaar deeltydse dramakursus (Senior ADK – sertifikaat en lisensiaat) aan vir studente en volwassenes asook ‘n driejarige deeltydse dramakursus (Junior ADK – sertifikaat) vir hoërskoolleerlinge.

Die kursus is ‘n praktiese kursus. Die kursus is daarop gemik om basiese vaardigheid te ontwikkel wat die grondslag vorm van verhoog- radio, film- televisie en alle vorms van openbare optrede.

Onderrig behels ‘n uur per week individuele (maar saam met een ander student), les gedurende die skool en universiteitskwartale van die Gautengse Onderwysdepartement. Geen groepsklas vir Junior ADK – studente.

Soos in die geval van enige deeltydse kursus, is dit noodsaaklik dat voorbereiding soos verlang gereeld tuis gedoen word.

Algemeen

Aan die einde van die driejarige studie word ‘n Proffesionele Lisensiaat Sertifikaat in Drama aan die student wat slaag uitgereik.

‘n Jaarpunt word saamgestel en wel as volg:

Klaspunt: (uit 100)
Eksamenpunt: (uit 100)
Referaatpunt: (uit 100)

Hierdie punte word verwerk tot ‘n finale punt uit 100

By die Akademie van Dramakuns word van ‘n student verwag om gereeld klasse by te woon en ook gereeld voorbereiding te doen.

Die dosente behou die reg voor om enige student wat meer as twee keer per kwartaal van ‘n individuele of groepsklas, sonder ‘n grondige rede, afwesig is, eksamentoelating te weier.

n Skriftelike kontrak word tussen die ADK en die student aan die begin van die jaar gesluit.

Individuele Onderrig:

Onder individuele word bedoel individuele aandag, maar saam met een ander student in die klas. Die onderig word aangepas by en bepaal deur die behoeftes van die student. Daar word gekonsentreer op die vertolking van die poësie, prosa, gedramatisseerde werk en die ontwikkeling van stemgebruik, waarmemingsvermoë asook liggaamshouding en beweging.

Prakties:

Die kursusinhoud is:

- Stemonderrig op verhoog en vir radiowerk
- Poeïsie en Prosa
- Toneelonderrig
- Kamera onderrig

Bogenoemde word prakties toegepas met die instudering van:

- Monoloë
- Poeïsie en Prosa
- Improvisasie
- Toneelopvoerings
- Kamerakursusse

Die inhoud soos hierbo uiteengesit word versprei oor die eerste, tweede en derde jare en die studie word met elke jaar meer intensief.

Die Junior kursus se sillabus is dieselfde as die senior kursus maar op ‘n minder gevorderde vlak. Die kursus duur ook 3 jaar en daar is geen groepsklasse.

Aan die einde van elke jaar word ‘n praktiese eksamen afgelê waarin die student se vordering t.o.v. aspekte behandel in die kursus getoets word.

Eerstejaar

‘n Program met ‘n deurlopende tema wat die volgende insluit:

- Gedig

- Monoloog
- Gedramatiseerde prosa
- ‘n Kortkursus in radiowerk in ‘n opname ateljee.

Tweedejaar

‘n Program met ‘n deurlopende tema wat die volgende insluit:

- Monoloog (swaarder werk Soos Griekse tragedie of Shakespeare)
- Gedig
- Prosa
- ‘n Verpligte kamerakursus moet bygewoon word.

Let wel: die junior kursus hanteer nie Shakespeare of Griekse werk nie.

Derdejaar

‘n Program met ‘n deurlopende tema wat die volgende insluit:

- Monoloog
- Monoloog- een self skryf
- Samespraak
- Gedig
- Regie van eenbedryf

Let wel: die junior kursus doen nie die regie van ‘n eenbedryf nie en skryf ook nie ‘n eie monoloog nie

Teorie

‘n Keuse word aan die student gestel om ‘n referaat oor een van die volgende te lewer:

Eerstejaarsteorie:

- Fisiologie van spraak
- Suid – Afrikaanse dramaturge Oud Griekse tragedies en komedies.

Tweedejaarsteorie:

- Wat is drama?
- Wat is poësie?
- Wat is gedramatiseerde prosa?
- Wat is monoloë?
- Die verskille tussen gedramatiseerde prosa en monoloë.
- Wat is samespraak?

Indien bogenoemde reeds in die junior sertifikaat behandel is is die onderwerpe:

- Teater van die absurde Protesteater in Suid – Afrika

Derdejaarsteorie:

‘n Teoretiese uiteensetting van wat ‘n produksie is met ook verwysing na die volgende:

- Beligting
- Klank
- Beweging
- Dekorontwerp
- Rekwisiete

Werksopdrag van regie van ‘n eenbedryf vir JUNIOR.

Produksie van ‘n eenbedryf vir SENIOR.